# 17 April 2023 - Lesing 10 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

God se menslike manifestasie word betwis – 28/3/57

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**NO: 6794** Baie besware sal steeds ingebring word en die waarheid van dit wat aan julle oorgedra word van bo deur My gees, sal nog dikwels ontken of betwyfel word. En dit is altyd ’n negatiewe invloed wat inglip indien dit nie verwerp word nie, indien die mens nie versigtig is en gereeld 'n eerlike self-inspeksie doen nie. Al julle mense kan dwaal wanneer dit julle intellektuele denke aanbetref, julle kan tot valse gevolgtrekkings kom en foutiewe oordele maak, want solank as wat julle op aarde lewe, is julle nie volmaak nie en voortdurend onderhewig aan My teenstander se versoekings. **En dit is waarom geen persoon homself bo ‘n ander moet plaas nie**, want almal loop dieselfde risiko en almal sal 'n ogie oor hulself moet hou. Nietemin bestaan daar 'n onweerlegbare waarheid, maar of julle dit as sodanig sal herken, hang af van die rypheid van julle siel en nie van die skerpte van julle intellek nie.

Hierdie onweerlegbare waarheid is afkomstig vanuit My en kan slegs weer betwyfel word as dit verander word deur menslike wil, wanneer die mens se intellek weer aktief geraak het ten einde hierdie suiwer waarheid van My te verander **deur sy eie woorde, deur sy eie denkproses** wat die suiwerheid van My Woord bedreig. Dit behoort genoeg te wees vir julle mense en Ek waarsku julle teen die kombineer van My **direk oorgedraagde Woord met menslike toevoegings**. En elke beswaar kan weereens weerlê word, want waar Ek ook al aan die werk is, gee Ek ook totale duidelikheid. Want Ek wil julle mense opheldering gee. Ek wil julle denke verlig en julle nie in hernude duisternis dompel nie.

Ek wil ook vrae beantwoord wat herhaaldelik gevra word, hetsy op aarde of in die koninkryk in die hiernamaals, want die geloof word dikwels blootgestel aan die risiko om te wankel as gevolg van vrae waarvan die antwoorde tot sovêr onbevredigend vir julle was.

En een so 'n brandende vraag hou verband met God se menslike manifestasie in Jesus Christus. Enigiemand wat bewus is van die feit dat Ek dit My doel gemaak het om alles wat deur My geskep was, te wil “vergoddelik”, wat weet waaruit hierdie vergoddeliking bestaan, verstaan ook dat die geestelike wesens wat getrou aan My gebly het, slegs hierdie vergoddeliking kan bereik as hulle nie net hulself bewys in saligheid nie, maar ook in die diepte, omdat hul vrye wil getoets moet word, en met die slaag van hierdie toets **verander die “lewende skepsel” in 'n “kind” van God,** anders sou hierdie engelwesens vir ewig slegs die draers van My wil gebly het, wel in onmeetbare vreugde, maar altyd alleenlik as die uitvoerders van My wil en hulle sou nie heeltemal vrye onafhanklikheid kon bereik nie.

Dit is waarom so baie van hierdie engelgeeste reeds die weg oor die aarde geneem het, en nog vele meer sal dit nog neem om hul finale volmaaktheid te bereik.

En die siel van die mens JaHshua het ook hierdie weg geneem, wat gelei het tot die hoogste doel, die vergoddeliking, die volledige “vereniging met God”.

Wat ookal plaasgevind het in die koninkryk van die geeste kan net per illustrasie uitgebeeld word aan julle mense, want dit ontbreek julle mense aan die toepaslike konsepte vir die grootte van die skeppingsproses en die motiewe vir die geestelike wesens se afvalligheid van My. Nietemin stem My openbarings ooreen met die waarheid en julle gedagtes sal nie mislei word as julle hierdie openbarings aanneem nie.

Maar die een ding wat julle behoort te weet, is dat julle nie dieselfde beperkings waaraan julle nog onderhewig is, van toepassing kan maak op My nie, want julle is nog nie volmaak nie en dat My menslike verskyning dus nie bestaan het uit die feit dat 'n ''n eindige wese' Homself bloot omring het met 'n houer van vlees nie, maar dat My allesomvattende Gees, wat geen grense ken nie, 'n mens heeltemal gevul het, Wie soos elke ander mens, ‘n sodanige sterk band van eenheid met My gesluit het, sodat hierdie “vergoddeliking” plaasgevind het, sodat Hy Een met My geword het, Wie hom heeltemal gevul het met My fundamentele substansie. **Want My fundamentele substansie is Liefde,** Liefde het die mens JaHshua gevul, Liefde het neergedaal na die aarde, Liefde het die daad van Verlossing volbring, Liefde het die skuld gekanselleer. En Liefde Self het in die Verlosser JaHshua Messias die sigbare Elohim geword; My hele-of-oneindig deurdringende Gees het Haarself in die mens JaHshua gemanifesteer. Elohim het mens geword. Die mens JaHshua was Elohim/God, want die Vader en die Seun het soos een geword. Die essensie van die **lig** en die basiese **krag** van die ewigheid af het Haarself 'n **vorm gegee** ten einde alle wesens wat uit Haar ontstaan het, oneindig gelukkig te maak. Amein.